Woensdag Brief vir 1 Julie 2020

Gegroet uit die pastorie

Die jaar het oor sy helfte geloop wat mens laat wonder oor tyd. Tyd is eintlik al wat jy het om te doen en te wees wat jy wil. Dis nodig om baie goed met tyd om te gaan, maar mens moet ook mooi verstaan wat dit eintlik is. Dis in elk geval ’n gratis geskenk vanuit die skepping. Hoeveel daarvan het ons? Die antwoord is blykbaar nie gemeet in ure of dae nie, maar in wat jy daarmee gemaak het.

Tyd-konsepte is in vervloë tye gebruik as verwysings-punte soos nou en netnou, of as ’n gebeure soos planttyd, oestyd, slaaptyd, ens.  Tyd was beskou as die geleentheid om dinge te doen of die plaasvind van gebeure. Pre-moderne mense se lewe het gedraai om die natuurlike siklusse wat moederaarde in samewerking met ruimtegode aan hulle gebied het. Elke dag het die son, wat in baie gevalle ’n hoofletternaam gehad het, opgekom en weer ondergegaan. Hulle het hul lewenstyl aangepas by die seisoene van die jaar. Tyd was ’n tipe inligting, ’n soort van lewens-informasie. Blykbaar het hulle nie die bal vêr mis geslaan nie.

Ons naam vir horlosie se wortels word gevind in die Griekse woord vir uur, *hora*, maar die Griekse woord vir horlosietyd is eintlik *chronos*. *Chronos* dui op ’n oomblik relatief tot alles wat voortgaande is. Hulle het ook ’n woord gehad vir gebeure wat konkrete tyd omhels, te wete *kairos* – wat ons sommer geleentheidstyd kan noem omdat dit altyd betekenis toevoeg. Dit dui op versamelde insig wat stel die tyd om iets te doen, altyd nou is. As ek sou sê die tyd nou reg is om hierdie brief te skryf, dan sou ek die woord *kairos* gebruik. As ek sou sê die brief se skryf het tyd in beslag geneem, sou ek *chronos* gebruik. ’n Mens moenie met tyd mors of rondspeel nie – tyd is gevaarlik. Die filosoof Marthinus Versfeld, nou al salig, het in sy deurdagte denke gemeen ’n verjaarsdag is die regte *kairos* vir ’n glasie wyn, maar *chronos* verslind sy kinders en is die vernietiger van 10,000 goeters.

Ons natuurlik, lewe in die era van die atoomklok – sekuur tot die een of ander stukkie van ’n miljoenste van ’n sekonde. Sekuurheid is onder meer nodig om ruimtetuie te bestuur, oorlog te maak en satelliet-navigasie (GPS) foutloos te laat werk. Die wêreld se ekonomie staan met een been op horlosietyd - baie van ons moet elke dag by die werk in en uitklok. Ons kan selfs nie meer sport en politiek be-oefen sonder tyd nie. Dan is daar nog Afrika-tyd ook wat eintlik baie tyd korrek misbruik. Vir die wetenskaplikes is sulke sekure tydmetings soos die cesium-horlosie bied, ’n kopseer omdat dit vertoon dat chronologiese tyds-aspekte besig is om te verander. ’n Sekonde is nie meer wat dit miljoene jare gelede was nie, maar ook nie meer wat dit netnou was nie. Geen wonder Oscar Wilde meen *tyd ’n mors van geld is*.

Desnieteenstaande staan Einstein se siening dat tyd ’n hardnekkige illusie is, as ’n wetenskaplike feit so seker as wat daar sestig sekondes in ’n minuut is. Einstein beskryf sy verstaan van tyd so: *Time is not at all what it seems. It does not flow in only one direction, and the future exist simultaneously with the past*. Om agter die tik van die kosmos-horlosie te kom, is ’n baie abstrakte en paradoksale oefening. Deesdae is ons relatief bewus dat alles in relasie beskou moet word. Tyd ook, maar gelukkig vir ons is die effek daarvan, teen die spoed wat ons lewe, amper niks nie. Jy kan dit letterlik ignoreer, maar tog... As predikant moes ek paar keer by terminaal siek mense hoor hulle wens hulle het hul tyd beter gebruik. Spyt, sê die idioom, kom altyd te laat.

Jy hoef dus nie jou digitale horlosie weg te gooi nie, behalwe as jy aansluit by die *Go Slow-movement* wat weer ware lewe in die mensdom wil intik-tik-tik. Volgens hulle is die lewe onproduktief gejaagd. Selfs Prediker het dit beleef – wanneer hy sy sonhorlosie so daagliks bestudeer het, kon hy sien alles is ’n gejaag na wind. William Shakespeare het miskien iets hieroor aangevoel met sy *O comfort-killing night, image of hell;.. Vast sin-concealing chaos, nurse of blame*. As mens nie kan slaap nie, strek sekondes baie lank uit en dit is vreeslik ongerieflik en sieldodend; en die ingeligtes is wel wetende dit dikwels te make het met skuldgevoelens of een of ander bekommernis of samevattend as ’n hooploosheid wat beleef word.

Die Egiptenare het reeds 1,500 v.C. gesien ’n regop paal se skaduwee volg die son se roete redelik sekuur en tjoef-tjaf daarvan ’n horlosie gemaak. Die Grieke het hierdie regop-paal wat die tyd-skaduwee gooi, ’n *gnomon*, wat iets soos doelgerigtheid as eenhede van intensie beteken, genoem. Blykbaar in alledaagse gebruik het dit bynaam *die wetende* gekry – tyd laat nie op hom wag nie, maar die weet jy tog. Die Romein Plautus (c. 184 v.C.) het ’n ander horlosie gehad: *My belly was my sundial, one more sure, truer, and more exact than any of them*. Hy klink soos Obelix – dis nou Asterix se groot vriend.

Bioloë weet dat ons ’n biologiese klok is, of meer wetenskaplik ’n sirkadiese ritme ervaar. Dit is reeds in 1729 beskryf deur ’n man met die digterlike naam van Jean-Jacques d’Ortous de Marian (1678-1771). Globale besigheidsmense ervaar dit as vlug-voosheid. Die mens se wakker-slaap ritme is nader aan 25 uur as die standaard 24 uur daglengte. Daarom bou ons elke week ’n skrikkeldag in – Sondag. Die doel van hierdie natuurlike biologiese ritme is om alles in lyn met die natuur te bring. In alle soogdiere tik hierdie sirkadiese ritme af in die hipotalamus gedeelte van die brein. Mense wie se omstandighede uit fase is met die natuur, ervaar ’n SAD – die akroniem vir *Seasonal Affective Disorder* wat depressie inskop. In meeste gevalle word die sielsiekte genees deur blootstelling aan lig. Lig dryf altyd die duisternis uit en daarom het elke week ’n Son dag. Sien hoe belangrik is die Tien Gebooie? Ons moet dit net lees met ’n ander bril op as dat dit ’n wet is – dis gratis lewenshulp *par excellance*. Tyd, het die Franse dramatiese komponis Berlioz gesê, *is ’n wonderlike onderwyser, maar ongelukkig vermoor hy uiteindelik al sy leerlinge*.

’n Baie praktiese doel van tyd, en hiervoor kan ek jou ’n briefie gee, is om te sorg dat alles nie tegelykertyd gebeur nie. Tog lyk dit asof tyd in sy volle glorie baie te make het met informasie – nes die mense van duisende jare terug geglo het. Tyd en geleentheid loop saam-saam. Elke oomblik ervaar jy nie eintlik tyd nie, maar inligting. Dis nie tyd wat jy moet benut nie, maar die informasie. Alle soorte van tyd bring iets nuuts want dit fabriseer informasie in jou persoonlike ruimte. Wat ten alle tye in enige tyd-formaat altyd in elke uur vermy moet word, is om ’n tyddief op aarde te wees want dit besteel die skepping grensloos. Tyd mag ’n illusie wees, maar inligting is werklik. As alles vir jou heeltyd dieselfde is, is jou tyd eintlik verby. Emily Dickson (1830-1886), wat meer as 2,000 gedigte geskryf het, het ook die een vir ons gelos: *Because I could not stop for death, / He kindly stopped for me. / The carriage held but just ourselves. / And immortality*.

Ek groet vir eers

Mooiloop